Deeltydse pos:	Deeltydse dosent
Modules:	Engels (ENGL221)
Departement:	Grondslagfase
Sluitingsdatum:	26 Mei 2021
Kontrakdatum:	Tweede semester 2021
Verwysing:	GF/ENGL221/2021

Aros is ’n Christelike privaat tersiêre instelling met sy kampus in Waverley te Pretoria. Aros bied reeds meer as ’n dekade reformatoriese opleiding op die gebied van die onderwys. Aros is in 2012 geregistreer by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding en geakkrediteer by die Raad op Hoër Onderwys. Die instelling beskik oor ’n personeelkorps van ongeveer 97, bied tans opleiding aan ongeveer 1 700 studente, en het oor die afgelope drie jaar 451 gegradueerdes afgelewer.

Met Aros se visie van ’n uitnemende Christelike universiteit wat gegrond is op die Bybel, die samelewing wil vernuwe tot eer van God, nooi ons hoogs gemotiveerde persone wat glo in Christelike onderwys en geroepe voel tot die taak, om vir die posisie van dosent aansoek te doen. Vir meer inligting oor Aros besoek gerus ons webwerf by http://www.aros.ac.za/Web

Agtergrond:

Aros het tans ‘n deeltydse pos vir ‘n dosent in die module Engels (ENGL221) in die Grondslagfase. Die module word aan tweedejaar-studente aangebied en is ‘n 12-krediet module.

Na die voltooiing van hierdie module sal studente:

- toegerus wees om waardering vir Engelse letterkunde te toon;
- die noodsaaklikheid van literatuur in die Grondslagfase kan herken en toepas;
- die waarde van verskillende tekste kan analiseer en verstaan en in staat wees om 'n literêre opstel te skryf; en
- opgelei wees om geskikte tekste vir die onderrig van Engels in die Grondslagfase te evalueer en te kies.

Kwalifikasie:

- ☐ Minimum: B.Ed Honneursgraad
- ☐ Meestersgraad sal voordelig wees

Werkservaring:

- ☐ Vorige doseerervaring en/of onderwyservaring
- ☐ Ervaring in die aanbied van Engels as skoolvak sal voordelig wees

Ander vereistes

- Geïntegreerde reformatories-Christelike wêreldbeskouing en lewenspraktyk.
- Laasgenoemde sluit in ‘n uitgesproke verbintenis tot Christelike wetenskapsbeoefening.
- Vermoë om kwaliteit onderrig aan studente te gee
- Goeie menseverhoudings en interpersoonlike vaardighede
- Administratiewe vaardighede
- Noukeurige en akkurate uitsette
- Goeie tydsbestuur
- Moet onafhanklik kan werk;
- Rekenaargeletterdheid in *MS-Office*, bogemiddeld in *PowerPoint*
- Rekenaargeletterdheid in ‘n *LMS*-stelsel soos bv. *Moodle* sal voordelig wees

Uiteensetting van verpligtinge:

- Dosering van die module Engels (ENGL221) gedurende die tweede semester, op Vrydae en Saterdae soos per rooster. (Rooster kan aangepas word, indien operasioneel vereis).
- Indien kontaksessies aanlyn moet plaasvind, word die werk weekliks op e-Klas gelaai. Dit behels die volgende:
    - Leeswerk en kleiner klasopdragte wat aanlyn voltooi moet word, word op ‘n Maandag gelaai;
    - Lesings word opgeneem en as YouTube video’s teen Donderdag gelaai;
- Opstel en nasien van alle assesseringsgeleenthede wat deel uitmaak van die deurlopende assessering vir die spesifieke module Dit kan die volgende insluit: kleiner e-Klastoetse, ‘n semesteropdrag en ‘n semestertoets;
- Akademiese administrasie van take rakende die spesifieke module, insluitend opstel en nasien van vraestelle, opstel van memorandums, die byhou van punte, hantering van studente, ontwikkeling van leermateriaal en die hersiening van die studiegids.
- Begeleiding van studente en hantering van studente navrae. Kontak word deurlopend met studente gehou deur middel van e-posse en afkondigings wat op e-Klas geplaas word. Afsprake om die dosent op die kampus te kom spreek, kan per e-pos deur studente gemaak word.

Verpligtinge is nie beperk tot bovermelde nie.

Aansoekprosedure:

Voornemende kandidate moet per e-pos aansoek doen deur u CV in **Afrikaans** tesame met die "**Aansoek om 'n betrekking"-vorm** in **PDF-formaat** te e-pos na renate.murray@aros.ac.za Die vorm is beskikbaar op ons webtuiste www.aros.ac.za/WebItem?listId=41 en kan elektronies ingevul word.

- Ongelukkig aanvaar ons geen aansoeke sonder die "Aansoek om 'n betrekking"-vorm nie.
- Indien u nie voor **30 Junie 2021** enige terugvoer van Aros ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.
- Aros behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer, te maak nie.